

10 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 92
Fokusgedeelte: Psalm 92:2

God het alles en almal in sy hand

Ken jy die pad van dankbare oorgawe aan God? Daarvan sing hierdie Psalm op die sabbatsmôre as die digter sy hand op die kop van die lam kom lê om daarmee te sê: Hier is ek, HERE. Neem my op in u diens vandag. Ek is aan U oorgegee, verwyder my sondes met hierdie lam waarvan die bloed in my plek vloei en die karkas in my plek verbrand word.

Onder die geklank van lofbringende musiek sing die digter van God se liefdesorg in die voordag en van sy trou die dag deur. Hy juig oor die sorg en leiding van God oor sy kind as hy geborge sy oë mag sluit. Die kwaaddoeners se voorspoed voer hulle na ewige ramspoed.

Van ewigheid af het God alles en almal in sy hand. Hy verleen aan sy kinders die genade om toegerus die sonde die hoof te bied sodat hulle mag juig oor die Heilige Gees wat aanvuur, waarsku en bemoedig. Uit die smeltkroes van die sondestryd troon God se kind soos die palmboom hoog en rustig, soos die seder in sierlike krag! Die Gees voed en versterk die gelowige wat die gemeenskap met Hom wat ewig is, beleef.

En dit gebeur in die HERE se nabyheid, daar waar jy Hom ontmoet in jou gebed en in die erediens. Daardie nabyheid in gemeenskap met jou Vader laat jou juigend tot in die grysheid die vrug van lewenskrag dra. Daar waar jy hierdie lewe kleur, omdat jy skoongewas is in Jesus se bloed!

Sing: Psalm 92:1 en 7 (Totius)

Ds SD de Kock (Potchefstroom-Suid)